


**OMGEWING- EN MAATSKAPLIKE IMPAKBEPALING (OMIB) VIR DIE  
VOORGESTELDE AFLANDIGE PRODUKSIEREG, ADDISIONELE  
EKSPLORASIE-AKTIWITEITE EN AANSOEK OM  
OMGEWINGSMAGTIGING VIR BLOK 11B/12B - VERW. NR.: 12/4/13 PR**

**Konsep-Omvangbepalingsverslag Nietegniese Opsomming**



## 1 KONSEP-OMVANGBEPALINGSVERSLAG NIETEGNIESE OPSOMMING

Hierdie dokument is 'n nietegniese opsomming van die konsep-Omvangbepalingsverslag vir die Omgewing- en Maatskaplike Impakbepaling (OMIB) vir TotalEnergies EP South Africa B.V. (TEEPSA) se voorgestelde aansoek om 'n Produksiereg vir gas en kondensaats in Blok 11B/12B langs die Kaapse Suidkus (**Figuur 1-1**).



**Figuur 1-1 – Liggingkaart wat die gebied vir die Produksiereg-aansoek (in rooi) en die gebied wat laat vaar is (in geel skadu) aandui in verhouding tot die bestaande PetroSA F-A-platform en aflandige boorgate wat die platform voorsien.**

### Die dokument sluit in:

- ▶ Agtergrond tot die voorgestelde projek,
- ▶ 'n Beskrywing van wat TEEPSA van voorneme is om te doen en motivering vir die projek,
- ▶ Die proses van omgewingsmagtiging en regulatoriese vereistes,
- ▶ Die openbaredeelnameproses en hoe u op die databasis vir belanghebbendes as 'n belangstellende en geaffekteerde party (B&GP) kan registreer en u voorstelle of bronne van kommer kan indien,
- ▶ 'n Opsomming van die verwagte impakte wat kan voorkom as die projek voortgaan, en
- ▶ Die volgende stappe in die proses van omgewingsmagtiging.

Hierdie opsomming en 'n klankopname van die opsomming is in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar. Die opsomming en klankopname van die opsomming en die volledige konsep-Omvangbepalingsverslag is ook beskikbaar op:

- ▶ Die datavrye webwerf by: <https://wsp-engage.com/Total-11B12B; en>
- ▶ WSP se webwerf by: <https://www.wsp.com/en-za/services/public-documents>

Die konsep-Omvangbepalingsverslag en opsomming daarvan is vanaf 01 Desember 2022 tot 03 Februarie 2023 vir openbare oorsig en kommentaar beskikbaar. Gedrukte afskrifte van die volledige konsep-Omvangbepalingsverslag is by die volgende openbare plekke beskikbaar:

## PUBLIC PLACES

Wes-Kaap			Oos-Kaap		
Ligging	Name van openbare plekke	Straatadres	Ligging	Name van openbare plekke	Straatadres
Kaapstad	Stad Kaapstad Sentrale Openbare Biblioteek	Paradestraat 1, Kaapstad-binnestad	Kaap St. Francis	Kuskollektief	Suffolklaan 2
Mitchells Plain	Mitchells Plain Biblioteek	1st Laan, Mitchells Plain	St. Francisbaai	St. Francis Toerisme & Munisipale Kantore	Munisipale Kantore, Assisiryiaan
Somerset-Wes	Somerset-Wes Biblioteek	Victoriastraat 10, Audas Estate	Jeffreysbaai	Jeffreysbaai Toerisme	Da Gamaweg 17
Gordonsbaai	Gordonsbaai Openbare Biblioteek	Waltstraat 6, Gordonsbaai-sentraal	Gqeberha	Newtown Park Biblioteek	Hurdstraat, Newtown Park
Gansbaai	Gansbaai Biblioteek	Hoek van Hoofweg en Kabokblomstraat	Boknes	Boknes Vulstasie en Supermark	Daniel Scheepersstraat
Hermanus	Hermanus Openbare Biblioteek	Duikerstraat 66	Port Alfred	Royal Alfred Marina	Albanyweg 1
Struisbaai/ L'Agulhas	Struisbaai Openbare Biblioteek	Hoek van 1sr laan en Deininglaan	Sondagsrivier	Sondagsrivier Hengelklub	Aquavistavistasingel 29 Colchester
Bredasdorp	Kaap Agulhas Munisipale Kantoor	Kerkstraat 1	Oos-Londen	Oos-Kaap Parke- en Toerismekantoor	Oxfordstraat 17-25, Oos-Londen
Stilbaai	Stilbaai Munisipaliteit	Hoofweg-wes	Oos-Londen	Hawe – Transnet Nasionale Hawe-owerheid	Hawebeheer-gebou Ganteaumesingel, Quigney
Mosselbaai	Kwanongaba Biblioteek	Adriaanstraat, Asla Park, Kwanongaba			
Mosselbaai	Mosselbaai Toerisme	Markstraat 7			
Mosselbaai	Mosselbaai Munisipaliteit	Marshstraat 99, Mosselbaai-sentraal			
Mosselbaai	Hawe	Blandstraat 55			
George	Visvangpermitkantoor	York Street 95 (by die Poskantoor)			
Knysna	Knysna Toerismekantore	Hoofweg 40, Knysnasentraal			
Plettenbergbaai	Keurboomsrivier Marina / Cape Nature se kantore	Hoek van Beaconweg en Zenonstraat			



Mosselbaai

### Hoe om as n belanghebbende te registreer en u kommentaar in te dien

Indien u inligting oor hierdie voorgestelde projek en die omgewingsimpakbepaling wil ontvang of voorstelle wil maak of u bekommernisse of kommentaar wil indien, registreer asseblief op die databasis vir belanghebbendes as 'n belangstellende en geaffekteerde party (B&GP) sodat ons u op hoogte kan hou. U kan as 'n B&GP registreer deur die Kantoor vir Openbare Deelname soos volg te kontak:

#### ► WSP Kantoor vir Openbare

- E-pos: [teepsaEIA@WSP.com](mailto:teepsaEIA@WSP.com)
- Tel: (011) 254 4800, or
- WhatsApp: (076) 694 3842
- Voltooiing van n registrasievorm wat aan die opsommingsverslag geheg is of by die openbare plekke waar die konsep-Omvangbepalingsverslag vir die publiek beskikbaar is, en daardie vorm na die e-pos hierbo te stuur.
- Of skandeer die QR-kode:



*U kan kommentaar lewer deur:*

- Die kommentaarblaaië geheg aan openbare dokumente te voltooi;
- E-pos direk aan die projek se e-posadresse (hierbo) te stuur;
- Die landlyn te skakel wat hierbo verskaf word;
- Boodskappe via die WhatsApp-nommer hierbo te stuur; of
- Vergaderings in persoon by te woon.



## Volgende stappe in die proses van omgewingsmagtiging

Kommentaar wat gedurende die kommentaartydperk op die konsep-Omvangbepalingsverslag ontvang word, sal aangeteken word in 'n register vir kommentaar en reaksie wat saam met die Finale Omvangbepalingsverslag (FOBV) by die reguleerder ingedien word. B&GP'e sal ook die geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die Omgeving- en Maatskaplike Impakbepaling (OMIB) en Omgeving- en Maatskaplike Bestuursplan (OMBP) sodra dit tydens die fase van Omvangbepaling afgehandel is.

## Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting, Wet, 4 van 2013

Ons het u toestemming nodig om u persoonlike inligting vir doeleindes van hierdie projek te behou. Deur as 'n B&GP te registreer, verleen u toestemming ingevolge die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting dat u kontakbesonderhede veilig bewaar word sodat ons u op hoogte van hierdie projek kan hou. WSP Group Africa, as 'n goeie korporatiewe burger, voldoen aan die POPIA en bevestig dat u besonderhede vertroulik gehou sal word en nie sonder u vooraf toestemming met enige derde party gedeel sal word nie, behalwe met die leidende owerheid indien hulle B&GP-besonderhede aanvra.

## 2 AGTERGROND TOT DIE VOORGESTELDE PROJEEK

'n Gesamentlike onderneming wat bestaan uit TotalEnergies EP South Africa B.V. (TEEPSA), QatarEnergy, Canadian Natural Resources International (South Africa) Limited, en 'n Suid-Afrikaanse konsortium, MainStreet 1549, het 'n Eksplorasiereg (Eksplorasiereg verwysingsnommer: 12/3/067) oor Blok 11B/12B gehou, wat afluandig is van die Suid-Kaapse kus, Suid-Afrika. Die eksplorasieprogram vir Blok 11B/12B het tot op hede op die suidwestelike deel van die blok gefokus en het tot die ontdekking van gas en verwante kondensate in die Paddavissie-vaarwater, insluitend die Brulpadda- en Luiperd-ontdekking (**Figuur 2-1**) gelei. Daar word na hierdie gekombineerde gebiede as die projekontwikkelingsgebied verwys.


TEEPSA, tesame met vennote in 'n gesamentlike onderneming (JV), wil nou die Eksplorasiereg in 'n Produksiereg (PR) omskakel. Die Produksiereg-aansoek is ingevolge die vereistes van artikel

83 tot 86 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne op 05 September 2022 deur die Petroleumagentskap Suid-Afrika (PASA) ingedien en is daarna op 19 September 2022 deur PASA aanvaar.

TEEPSA beplan om die Paddavissie-vaarwater te ontwikkel as 'n PR toegestaan word en indien kommersiële ooreenkomste vir die verkoop van die gas op die binnelandse mark aangegaan kan word. Die Produksiereg-aansoekgebied is afluandig geleë en strek tussen Mosselbaai en Kaap St Francis (**Figuur 2-1**). Die naaste noordoostelike punt van die Produksiereg-aansoekgebied is ongeveer 75 km afluandig van Kaap St Francis geleë, terwyl die naaste noordwestelike punt ongeveer 120 km afluandig van Mosselbaai geleë is. Die aansoekgebied dek ongeveer 12 000 vierkante kilometer (km<sup>2</sup>) met waterdieptes wat wissel van 500 tot 2 300 meter.

Die Produksiereg-gebied waarom aansoek gedoen word, is kleiner as die Eksplorasiereg-gebied wat voorheen deur die maatskappy gehou is. Die Produksiereg-gebied sluit die gedeelte nader aan die kus uit, wat met biodiversiteit-sensitiewe gebiede oorvleuel (**Figuur 2-2**).

Die aansoekgebied is oos-suidoos van die bestaande PetroSA Suidkus-produksieveld geleë. Die waterdiepte neem redelik aansienlik van noord na suid oor die blok toe. Gebiede van biodiversiteitsbelang in die nabyheid van die blok word met hierdie helling asook individuele seeberge geassosieer. Gebiede wat met die hellingspunt/platrand geassosieer word, bied habitat aan mariene lewe en is goeie visgronde wat deur kommersiële vissermanne benut word. Die Agulhas-stroom wat uit die noordooste langs die kus afbeweeg, volg rofweg die seabodemhelling en loop deur die projekontwikkelingsgebied (**Figuur 2-1**).



**Figuur 2-1** – Terreinkaart wat die Brulpadda 1A- en Luiperd 1x-ontdekkings, en potensiële opsies vir die produksiepylyn na die bestaande PetroSA F-A-platform aandui.

## 3 PROJEK BESKRYWING

TEEPSA beplan om die Paddavissie-vaarwater te ontwikkel as 'n PR toegestaan word en indien kommersiële ooreenkomste vir die verkoop van die gas op die binnelandse mark aangegaan kan word.

Ten einde TEEPSA in staat te stel om hierdie nuut bewese gas- en verwante kondensaatreserwes in produksie te stel, is die volgende ontwikkelings- en produksie-aktiwiteite nodig:

- ▶ Die sinking van tot ses (6) afluandige produksie- en evalueringsboorgate in die projekontwikkelingsgebied.
- ▶ Die verbinding van die afluandige boorgate deur ondersese spruittype en vloeielyne te installeer, en
- ▶ Die verbinding van spruittype en vloeielyne aan die bestaande PetroSA F-A-platform by Blok 9 Afluandige Veld via 'n ondersese produksiepylyn wat 109 km lank is

Die gas en verwante kondensate wat deur die ondersese boorgate geproduseer word sal, via 'n ondersese 109 km lange produksiepylyn na die bestaande PetroSA F-A-platform uitgevoer word. Die gas sal verwerk word deur die bestaande verwerkingsfasiliteite op die F-A-platform te gebruik en die gas en verwante kondensate sal via twee bestaande pylyne wat die platform aan die kus verbind, uitgevoer word. Produksie sal na verwagting ongeveer 20 jaar duur.

Die uitslag van die voortdurende kommersiële onderhandelings behoort die gebruik van die gas te bepaal. Die moontlike gebruik scenario's is tans gas-na-vloeistowwe (GTL) en gas-na-krag (GTP); enige konstruksie, wysiging of opgraderings by die F-A-platform of by enige aanlandige fasiliteit, indien vereis deur die onttrekker van gas of kondensate, sal aan 'n aparte OMIB onderworpe wees.

Behalwe om die ontwikkelingsboorgate in produksie te stel, is TEEPSA van voorneme om verdere eksplorasië-aktiwiteite in Blok 11B/12B te onderneem om 'n beter begrip van addisionele, potensiële hulpbronne te kry. Die eksplorasiëprogram kan eksplorasië- en evalueringsboorwerk insluit, asook gepaardgaande aktiwiteite soos vertikale seismiese profielsamestelling en boorgatpeiling en (vloei)toetsing, en sonaropnames, monsterneming van die seabodem en meteorologiese en oseanologiese boeiverankering.

Afluandige ondersteuning aan die eksplorasië- en produksie-aktiwiteite sal deur middel van ondersteuningsvaartuie wat vanaf die hawe van Mosselbaai, Gqeberha en/of Kaapstad vertrek, deur die hawe- en verwante afluandige infrastruktuurfasiliteite voorsien word. Helikopters sal vanaf die George-lughawe werksaam wees om afluandige aktiwiteite te ondersteun. Logistiek, areas vir berging en ondersteuning sal vanaf die Mosselbaai-hawe deur middel van die hawe-infrastruktuur en -fasiliteite vir alle afluandige aktiwiteite voorsien word. Veredeling van die produk en die hantering van afvalstrome sal op die bestaande F-A-platform en permitte onderneem word.



Semi-dompelbare voorvaartuig



## 4 REGULATORIESE VEREISTES

Voordat TEEPSA met enige aktiwiteit wat met die voorgestelde projek verband hou, kan begin, moet die volgende belangrike aansoekprosesse onderneem word:

- ▶ Produksiereg-aansoek ingevolge artikel 83 tot 86 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne (Wet 28 van 2002) (MPRDA); en
- ▶ Omgewingsmagtiging-aansoek ingevolge die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (Wet 107 van 1998) (NEMA): Vir enige projekverwante gelyste aktiwiteit wat in die NEMA Omgewings-impakbepaling (OIB) Regulasies van 2014, soos gewysig in 2017, gespesifiseer is.

Die Produksiereg-aansoek moet by die Minister van Minerale Hulpbronne en Energie ingedien word. 'n Produksiewerkprogram (wat die voorgestelde aktiwiteit en die tegniese ontwikkelingsplan in detail beskryf) en 'n maatskaplike en arbeidsplan (wat onder meer die ontwikkelaar se verbintenis tot menslike hulpbronontwikkeling, investering in die gemeenskap en verkryging beskryf) moet die Produksiereg-aansoek vergesel. 'n Produksiereg kan slegs behoudens die voltooiing van 'n OMIB en openbaredeelnameproses vir die voorgestelde projek vir besluitneming oorweeg word.

Die gelyste aktiwiteit wat met die voorgestelde projek verband hou, word in op die volgende bladsy verskaf. Op grond van die gelyste aktiwiteit word van TEEPSA vereis om 'n omvattende proses van Impakbepaling en Omgewingsimpakbepaling te onderneem, wat ingevolge NEMA ook as 'n "volledige" OIB verwys word. 'n Volledige OMIB is 'n deeglike studie wat die volgende aspekte van 'n voorgestelde projek assesseer:

- ▶ potensiële omgewingsrisiko's en -impakte in die projek se invloedsgedebied;
- ▶ beskryf die alternatiewe wat in die voorgestelde projek oorweeg word of alternatiewe tegnologie wat gebruik gaan word;
- ▶ identifiseer maniere om die keuse, ligging, beplanning, ontwerp en implementering van 'n projek te verbeter deur nadelige omgewingsimpakte te vermy, te verminder, te bestuur of daarvoor te vergoed;
- ▶ oorweeg hoe om 'n projek se positiewe impak deur die loop van 'n voorgestelde projek se werksaamhede te verbeter; en
- ▶ oorweeg die natuurlike omgewing (lug, water, grond en biodiversiteit), gemeenskapsgesondheid en -veiligheid en sosio-ekonomiese aspekte, insluitend inheemse nasies en kultuurerfenis.

'n OMIB het gewoonlik drie fases; eerstens 'n fase van omvangbepaling (dit is waar ons nou is), gevolg deur 'n tweede fase wat die fase van impakbepaling is, waarna 'n verslag oor die omgewingsimpakbepaling aan die owerhede voorgelê word. Die derde fase is die fase van owerhede se besluitneming, waar die reguleerder 'n besluit moet neem om magtiging te gee dat die projek voortgaan en, indien wel, onder watter voorwaardes. B&GP'e sal in kennis gestel word van die uitkoms en hoe en teen wanneer die besluit geappelleer kan word, sou hulle dit wou doen.

'n Plan vir openbare deelname is as deel van die OMIB-proses vir hierdie projek saamgestel. Die plan vir openbare deelname beskryf hoe die onafhanklike Omgewingsevalueringspraktisyn (OEP) en projekspan tydens die OMIB-proses met belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP'e) sal skakel, wat die publiek, owerhede, gemeenskaps- en bedryfs-vertegenwoordigers, Eerste Nasies, vissers en ander organisasies insluit.

Daar sal verskeie geleenthede vir B&GP'e wees om aan die OMIB-proses deel te neem, hetsy deur kommentaar by WSP se Kantoor vir Openbare Deelname in te dien, of mondelings deur vergaderings in persoon by te woon.

Ingevolge die OIB-regulasies (GNR.326) beteken "onafhanklik" met betrekking tot 'n OEP 'n spesialis of die persoon verantwoordelik vir die samestelling van 'n omgewingsouditverslag –

(a) dat sodanige OEP, spesialis of persoon geen sake-, finansiële, persoonlike of ander belang het in die aktiwiteit of aansoek ten opsigte waar-van daardie OEP, spesialis of persoon ingevolge hierdie Regulasies aangestel word nie; of

(b) dat daar geen omstandighede is wat die objektiwiteit van daardie OEP, spesialis of persoon in die uitvoering van sodanige werk kan benadeel nie;

Uitgesonderd –

(i) normale vergoeding vir 'n spesialis wat permanent by die OEP in diens is; of

(ii) billike vergoeding vir werk verrig in verband met daardie aktiwiteit, aansoek of omgewingsoudit;

Lyskennisgewing 1 (GN R.327)	Lyskennisgewing 2 (GN R.984) Vereis n Omvangbepaling en Omgewingsimpakbepaling
<p><b>Toepaslike aktiwiteite t.o.v. Lyskennisgewing (GN R.325):</b></p> <p><b>Aktiwiteit 17:</b> Ontwikkeling (i) in die see... ten opsigte van (e) infrastruktuur of strukture met 'n ontwikkelingsvoetspoor van 50 m<sup>2</sup> of meer.</p> <p><b>Aktiwiteit 19A:</b> Die vulling of afsetting van enige materiaal van meer as 5 kubieke meter in, of die baggerwerk, uitgraving, verwydering of verskuiwing van grond, sand, skulpe, skulpgruis, klipies of rots van meer as 5 kubieke meter uit:</p> <p>(iii) die see.</p>	<p><b>Toepaslike aktiwiteite t.o.v. Lyskennisgewing (GNR325):</b></p> <p><b>Aktiwiteit 4:</b> Die ontwikkeling en verwante bedryf van fasiliteite of infrastruktuur vir die berging of vir die berging en hantering van gevaarhoudende goedere, waar sodanige berging plaasvind in houers met 'n gesamentlike kapasiteit van meer as 500 m<sup>3</sup>.</p> <p><b>Aktiwiteit 6:</b> Die ontwikkeling van fasiliteite of infrastruktuur vir enige proses of aktiwiteit wat 'n permit of lisensie of 'n gewysigde permit of lisensie vereis ingevolge nasionale of provinsiale wetgewing wat die generering of vrystelling van emissies, besoedeling of uitvloeisel reguleer.</p> <p><b>Aktiwiteit 7:</b> Die konstruksie van fasiliteite of infrastruktuur vir die grootmaatvervoer van gevaarhoudende goedere:</p> <p>(i) in gasvorm, buite 'n nywerheidskompleks, deur pypleidings te gebruik wat langer 1 000 m is en 'n deursetvermoë van meer as 700 ton per dag het.</p> <p>(ii) in vloeibare vorm, buite 'n nywerheidskompleks, deur pypleidings te gebruik wat langer 1 000 m is en 'n deursetvermoë van meer as 50 m<sup>3</sup> per dag het.</p> <p><b>Aktiwiteit 14:</b> Die ontwikkeling en verwante bedryf van</p> <p>(ii) 'n geankerde platform; of</p> <p>(iii) enige ander struktuur of infrastruktuur op of langs die seebodem, ...</p> <p><b>Aktiwiteit 20:</b> Enige aktiwiteit, insluitend die uitvoering van daardie aktiwiteit wat 'n Produksiereg ingevolge artikel 83 van die Wet op die Ontwikkeling van Minerale en Petroleumhulpbronne, 2002 (Wet 28 van 2002) vereis, asook enige ander aktiwiteit soos vervat in hierdie Lyskennisgewing, in Lyskennisgewing 1 van 2014 of Lyskennisgewing 3 van 2014 wat vereis word om die Produksiereg uit te oefen.</p>

## 5 PROJEK MOTIVERING

Verskeie strategieë binne die konteks van Suid-Afrika se energie-oorgang erken die plek van aardgasproduksie as een element in die mengsel van tegnologieë wat die vermoë vir die opwekking van energie in die toekoms sal verseker. Aardgas in die energiemengsel sal dien as 'n brug op die pad van afhanklikheid van fossielbrandstof na koolstofneutraliteit vanaf 2050 (volgens die Parys-ooreenkoms) en om hernubare energiebronne wat onder ontwikkeling is, volgens die 2019 Geïntegreerde Hulpbronplan aan te vul.

TEEPSA se ontdekking van afluandige, kommersieel lewensvatbare aardgas het die potensiaal om by te dra tot die voorsiening in die land se energiebehoefes gedurende die oorgangstydperk, en om 'n positiewe bydrae tot die ekonomie te lewer.

Suid-Afrika is hoogs afhanklik van fossielbrandstowwe en sal as een van die top 20 kweekhuysgas-vrystellers in die wêreld sy vrystellings aansienlik moet verminder. Die vinnige oorgang na koolstofneutraliteit skep egter 'n potensiële risiko vir ekonomiese groei en volhoubare ontwikkeling as dit nie behoorlik bestuur word nie. Die gebruik van gas as 'n bron van energie of brandstof dra by tot die vermindering van vrystellings terwyl die land wegbeweeg van sy afhanklikheid van steenkool en terselfdertyd ook positief tot die ekonomie bydra.

Die voorgestelde projek sal ook die geleentheid bied om Suid-Afrika se energiebronne te diversifiseer en om die land se kwesbaarheid en afhanklikheid van invoere vir sy energiebehoefes te verminder.

Die voorgestelde projek sal ook die geleentheid bied om Suid-Afrika se energiebronne te diversifiseer en om die land se kwesbaarheid en afhanklikheid van invoere vir sy energiebehoefes te verminder.

Stellig van groter voordeel as die strategiese waarde om plaaslike gasreserwes in produksie te stel, is die eenvoudige feit dat die huidige PetroSA-infrastruktuur (sowel aanlandig as afluandig) in die omgewing van Mosselbaai weens die kwynende voorraadreserwes uit die bestaande veld tans voor dreigende sluiting staan. Die huidige projek het die potensiaal om die F-A-platform te voorsien en tot die vervangingstoevoer uit die nuut geïdentifiseerde reserwes by te dra. Dit het die potensiaal om, op grond van huidige hulpbronskattinge, die lewensduur van die F-A-platform en gepaardgaande infrastruktuur met tot 20 jaar te verleng, asook om die verlies van werk wat aan hierdie fasiliteite gekoppel is, te voorkom.

Verder word daar van die TEEPSA-projek verwag om tot plaaslike ontwikkeling om by te dra deur die integrasie van gemeenskapsgebaseerde inisiatiewe met munisipale Geïntegreerde Ontwikkelingsplanne, Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerke en Omgewingsbestuursraamwerke. Dit sal deur die munisipale strukture en die openbaredeelnameproses gefasiliteer word.



## 6 OPENBARE DEELNAME

Die NEMA OIB-regulasies (GNR.982 gewysig) vereis die identifisering van en konsultasie met gemeenskappe en belangstellende en geaffekteerde partye (B&GP'e). Ingevolge artikel 24 0 (2) van NEMA word spesifieke staatsdepartemente as owerhede vir kommentaarlewering oor aspekte van die voorgestelde projek geïdentifiseer en erken. Sleutelaktiwiteite wat deel van die openbaredeelname-proses uitmaak, sluit in:

- ▶ die identifisering en uitnodiging van belanghebbendes om te registreer om aan die proses deel te neem. Hier word 'n verskeidenheid metodes gebruik, insluitend die plasing van advertensies, kennisgewings op die terrein, die gebruik van radio in plaaslike taal, en die identifisering van B&GP'e wat tot op hede deelgeneem het aan verskeie studies wat aan die projek gekoppel is;
- ▶ die kapasiteitsbou van en kennisgewing oor die projek aan B&GP'e deur die vrystelling van inligting in die vorm van 'n konsep-Omvangbepalingsverslag en 'n Nietegniese Opsomming-verslag (hierdie verslag) wat in Afrikaans, Engels en isiXhosa beskikbaar sal wees;
- ▶ om in klein fokusgroepe met B&GP'e uit verskeie sektore van die samelewing te vergader om hulle voorstelle en bekommernisse oor die projek te bespreek. Ons sal ook openbare vergaderings in groot dorpe oor die breedte van die projekgebied hou;
- ▶ die vaslegging van alle voorstelle, kommentaar en bronne van kommer wat deur B&GP'e geopper word in 'n verslag oor kommentaar en reaksie wat by die reguleerder ingedien word op die stadium van omvangbepaling asook aan die einde van die fase van impakbepaling, tesame met die volledige rekord van skriftelike voorleggings wat ontvang is; en
- ▶ die beskikbaarstelling van die konsep-omgewing- en maatskaplike impakbepaling en omgewing- en maatskaplike bestuursplan in die fase van impakbepaling van die proses. Nog 'n ronde openbare vergaderings sal gehou word om die bevindinge van spesialisstudies en die impakbepaling aan B&GP'e voor te lê. Gedurende hierdie proses sal kommentaar wat ontvang word, weereens opgeteken word in die vorm van 'n verslag oor kommentaar en reaksie wat saam met 'n volledige rekord van alle skriftelike voorleggings wat ontvang is, voorgelê sal word wanneer die finale verslag oor omgewingsimpakbepaling vir besluitneming by die owerhede ingedien word.

Die projek sal gedurende Desember 2022 vir die publiek aangekondig word deur die plasing van koerante- en radio-advertensies en terreinkennisgewings om bewustheid oor die voorgestelde projek te skep.

- ▶ Die DSR sal vanaf 01 Desember 2022 tot 03 Februarie 2023 vir openbare kommentaar beskikbaar wees. Die openbare kommentaartydperk is verleng met inagneming van die Desember-vakansietydperk (15 Desember 2022 – 05 Januarie 2023). Die beskikbaarheid van die DSR sal soos volg afgekondig word:
  - ▶ Verspreiding van briewe aan B&GP'e, vergesel van 'n registrasie- en kommentaarvorm (in Afrikaans, Engels en isiXhosa), wat B&GP'e uitnoui om kommentaar op die DSR te lewer en as 'n B&GP te registreer;
  - ▶ Kennisgewing aan B&GP'e oor die beskikbaarheid van die DSR via SMS, terrein-kennisgewings, e-pos en briewe; en
  - ▶ Plasing van die DSR, aankondigingsbrief en kommentaarvorm op die WSP-webwerf (<https://www.wsp.com/en-za/services/public-documents>); en die datavrye webwerf by: <https://wsp-engage.com/Total-11B12B>.

Verskeie skakelvergaderings sal gedurende die fase van Omvangbepaling met B&GP'e gehou word om die inhoud van die konsep-Omvangbepalingsverslag met WSP en die TEEPSEA-projekspan te bespreek en om enige kommentaar, kwessies of bekommernisse oor die voorgestelde projek te opper. 'n Virtuele openbare vergadering sal op 07 Desember 2022 van 17h30 tot 19h30 gehou word.

B&GP'e sal die WSP Kantoor vir Openbare Deelname moet kontak om vir die virtuele openbare vergadering te registreer. Slegs geregistreeerde B&GP'e sal die uitnodiging na die virtuele openbare vergadering kan ontvang. Besonderhede oor in-persoon openbare vergaderings wat vir Januarie 2023 beplan word, sal nader aan die tyd met die B&GP'e gedeel word.

Besonderhede oor die openbare vergaderings (datums, lokale en tye) sal aan B&GP'e gekommunikeer word via dieselfde platforms wat tydens aankondiging van die projek gebruik is, naamlik e-pos, grootmaat-SMS, ens., en sal op die WSP-webwerf en datavrye webwerf beskikbaar wees.

WSP Group Africa (Pty) Ltd  
**KANTOOR VIR OPENBARE  
DEELNAME**  
Posbus 6001, Halfway House, 1685  
Tel: (011) 254 4800  
Faks: (086) 582 1561  
WhatsApp: 076 694 3842  
E-pos: [teepsaEIA@WSP.com](mailto:teepsaEIA@WSP.com)



B&GP'e word aangemoedig om:

- ▶ As 'n B&GP te registreer ten einde die virtuele openbare vergadering by te woon en gereelde inligting en bywerkings oor die projek te ontvang; en
- ▶ Skriftelike kommentaar by WSP se Kantoor vir Openbare Deelname in te dien by die kontakbesonderhede wat aan die einde van hierdie dokument en in die B&GP-brief en kommentaarblad voorsien word.

B&GP'e kan ook kommentaarvorms by een van die openbare plekke invul, die WSP se span vir Openbare Deelname via telefoon of WhatsApp kontak of via e-pos kommentaar stuur om enige bronne van kommer te bespreek.

## 7 MOONTLIKE IMPAKTE

Die fase van Omvangsbepaling word gebruik om potensieel beduidende omgewingskwessies te identifiseer vir verdere oorweging gedurende die fase van Impakbepaling. Op grond van soortgelyke projekte, kan impakte in normale toestande die volgende insluit:

- ▶ Impakte op luggehalte weens lugvrystellings uit vaartuie-enjins asook uit toetsing;
- ▶ Impakte op die gehalte van seewater by boorterreine weens boormodder en -gruis en sement wat gedurende die sinking van boorgate in die see afgevoer sal word;
- ▶ Impakte op sedimentgehalte (bodemkontoere, gruisgrootte en sekere chemiese parameters) weens die afvoer van boormodder en -gruis en sement en weens monsterneming van die seabodem;
- ▶ Impakte op plant- en dierelewe op die seabodem in gebiede waar boorgate gesink word of waar projekinfrastruktuur geïnstalleer word;
- ▶ Verassing van individuele voëls weens opvlamming tydens toetsing van die boorskag by die boorskip;
- ▶ Geraaseffekte op mariene lewe weens geluide van bouverwante aktiwiteite en gepaardgaande fisiese en gedragsversteuring;
- ▶ Die potensiaal van botsing tussen projekvaartuie en mariene soogdiere en seeskilpaaie of weens boorwerk, VSP en/of sonaropname-aktiwiteite wat tot besering of vrektes lei;
- ▶ Impak op voëllewe/nesmaak weens steurings veroorsaak deur mariene vaartuie en helikopterverkeer;
- ▶ Beskerming teen visdruk van sommige visse en ongewerwelde diere wat gelok word na die projekinfrastruktuur waar die eksklusiesone toegepas sal word;
- ▶ Plaaslike ontwrigting van mariene verkeer om projekaktiwiteite op see en die eksklusie-veiligheidsone te vermy;
- ▶ Verlies aan visterusting weens projekvaartuie se bewegings in visvanggebiede;
- ▶ Verlies aan kleinskaalse/hengelvisgrond weens projekinfrastruktuur en die eksklusie-veiligheidsone;
- ▶ Risiko van botsing tussen projekvaartuie en kleinskaalse vissersbote weens die beweging van projekvaartuie;
- ▶ Maatskaplike oproerigheid in kusgemeenskappe weens die persepsie van negatiewe projekimpakte op visserye, tesame met baie beperkte plaaslike voordele; en
- ▶ Potensiële impakte op menslike kultuurerfenis en geestelike verbintnisse tot die see en kuslyn wat 'n heilige waarde vir gemeenskappe inhou.

Hierdie lys bied 'n paar voorbeelde van moontlike impakte wat gedurende beplande projekaktiwiteite kan plaasvind. Potensiële impakte kan ook uit onvoorsiene of onbeplande gebeure voortspruit. Die projek se potensiële impakte sal gedurende die OMIB beskryf en geëvalueer word, en matiging sal voorgestel word, waar nodig, ten einde die potensiële erns van impak te verminder. Kumulatiewe impakte in verband met die algehele projek sal ook geassesseer word om die gekombineerde omgewingsimpak van verwante aktiwiteite wat in die projekgebied plaasvind, te bepaal.

## 8 VOLGENDE STAPPE IN DIE PROSES VAN OMGEWINGSMAGTIGING

Kommentaar wat gedurende die kommentaartydperk ontvang word, sal die afhandeling van die Finale Omvangbepalingsverslag (FOBV) inlig wat vir oorweging aan die bevoegde owerheid voorgelê sal word. B&GP'e sal ook die geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die OMIB en OMBP sodra dit gedurende die fase van Impakbepaling afgehandel is.

Die volgende aktiwiteite sal vorentoe as deel van die beplande OB-proses plaasvind:

- ▶ Ontwikkel die FOBV sodra kommentaar en terugvoering van B&GP'e en owerhede ontvang is;
- ▶ Dien die FOBV vir oorweging by die bevoegde owerheid in;
- ▶ Onderneem spesialisstudies vir die aktiwiteite en infrastruktuur wat met die voorgestelde projek verband hou;
- ▶ Berei die impakbepaling voor;
- ▶ Berei 'n OMBP voor wat bestuursmaatreëls sal insluit om die impakte wat in die impakbepaling geïdentifiseer is, te vermy en/of te matig en te bestuur;
- ▶ Verskaf terugvoering aan geregistreerde B&GP'e oor die fase van Impakbepaling;
- ▶ Dien die konsep OMIB/OMBP vir kommentaar deur B&GP'e en owerhede in: Die finale OMIB/OMBP sal by die relevante owerhede ingedien word na die insluiting van B&GP'e se kommentaar om te verseker dat hulle kommentaar in die finale verslag aangespreek is; en
- ▶ Kommunikeer die Rekord van Besluite van die bevoegde owerheid oor die OMIB aan B&GP'e.

### SPER DATUM VIR KOMMENTAAR: 03 February 2023

Om kommentaar op die konsep-Omvangbepalingsverslag te lewer, voltooi asseblief die aangehegte kommentaarvorm of besoek die WSP-webwerf: (<https://www.wsp.com/en-za/services/public-documents>), die datavrye webwerf (<https://wsp-engage.com/Total-11B12B>) of kontak:

KANTOOR VIR OPENBARE  
DEELNAME  
Posbus 6001, Halfway House, 1685  
Tel: (011) 254 4800  
Faks: (086) 582 1561  
WhatsApp: 076 694 3842  
E-pos: [teepsaEIA@WSP.com](mailto:teepsaEIA@WSP.com)

Of skandeer die QR-



Sperdatum vir kommentaar op Omvangbepalingsverslag: 03 February 2023



Building 1, Maxwell Office Park  
Magwa Crescent West, Waterfall City  
Midrand, 1685  
South Africa

---

[wsp.com](http://wsp.com)

